Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2019

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*JHISTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INPERKING EN RISIKOBESTUUR – DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIES – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord TWEE vrae soos volg:

   4.1 EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees EN

   4.2 EEN moet 'n opstelvraag wees

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorgehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS TOT KOUE OORLOGSPANNING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR IN DIE 1960's AANLEIDING GEGEE?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Watter land, volgens die bron, was binnegeval? (1 x 1) (1)

1.1.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat Amerika vir die aanval verantwoordelik was? (2 x 1) (2)

1.1.3 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom Khrushchev vasbeslote was om Kuba te help. (2 x 2) (4)

1.1.4 Wie was die 'gewapende bendes' waarna Khrushchev verwys het? (1 x 1) (1)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Vind 'n historiese konsep uit die bron wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas:

(a) 'n Politieke stelsel waar die produksiemiddele deur die staat besit word (1 x 2) (2)

(b) 'n Politieke stelsel waar die mag in die hande van slegs een persoon gesetel is (1 x 2) (2)

1.2.2 Gee TWEE aanhalings uit die bron wat daarop dui dat die VSA nie vir die Bay of Pigs inval verantwoordelik was nie. (2 x 1) (2)

1.2.3 Met verwysing na Bron 1A en 1B, verduidelik waarom die standpunte van Khrushchev en Kennedy met betrekking tot die Bay of Pigs Inval verskil. (2 x 2) (4)

1.2.4 Vergelyk Bron 1A en 1B. Hoe weerspreek die twee bronne mekaar met betrekking tot die redes vir die Bay of Pigs Inval? (2 x 2) (4)

1.2.5 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik of die Bay of Pigs Inval suksesvol was. (1 x 1) (1)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Noem enige TWEE lande wat Amerikaanse kernwapens gehad het wat Rusland kon vernietig. (2 x 1) (2)

1.3.2 Haal EEN rede aan waarom Rusland besluit het om kernmissiele in Kuba te plaas. (1 x 1) (1)

1.3.3 In jou opinie, waarom het Kennedy nie dadelik Kuba binnegeval om die missiele te vernietig nie? (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik waarom hierdie bron bevooroordeeld teenoor Khrushchev is. Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.4.2 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, verduidelik hoe die Kubaanse missielkrisis opgelos was. (2 x 2) (4)

1.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van die Kubaanse Missielkrisis op die politieke loopbaan van Khrushchev te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Kubaanse Missielkrisis tot spanning tussen die VSA en die USSR in die 1960's gelei het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET KUBA BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Noem TWEE redes wat Deutschman vir Kuba se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog aanvoer. (2 x 1) (2)

2.1.2 Gee TWEE aanhalings uit paragraaf 1 wat bewys dat Kuba nie vir materiële belange in Angola betrokke geraak het nie. (2 x 1) (2)

2.1.3 Verduidelik wat Risquet bedoel het met sy stelling: 'Bewyse hiervan is dat ons sal onttrek sodra ons teenwoordigheid nie meer benodig word nie'. (2 x 2) (4)

2.1.4 Was Deutschman korrek deur aan te neem dat Kuba as ŉ marionet van die Sowjetunie optree het? Ondersteun jou antwoord met TWEE omvattende punte uit paragraaf 3. (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Verskaf TWEE aanhalings vanuit paragraaf 1 wat daarop dui dat Kuba en Angola ŉ gemeenskaplike erfenis het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Vind ŉ historiese begrip in paragraaf 3 wat die beste by elk van die volgende definisies pas:

(a) Onbillike behandeling van mense gebaseer op die kleur van hul vel (1 x 2) (2)

(b) ŉ Beleid van uitbreiding van ŉ land se politieke en ekonomiese mag oor ander lande deur kolonisasie (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op Castro se stelling dat: 'Yankee-imperialisme, sonder gewete van enige aard, het Suid-Afrikaanse huursoldate gestuur in ŉ poging om Angola se onafhanklikheid te onderdruk en is nou woedend oor ons hulp aan Angola ...'. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, het ŉ groter bedreiging vir Suid-Afrika, ingehou, anders as die opkoms van ŉ onafhanklike swart Afrika-nasie? (Paragraaf 1) (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom SA by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (2 x 2) (4)

2.3.3 Lys enige TWEE redes waarom Suid-Afrika geglo het dat Kuba nie Suider-Afrika moes beheer nie. (Paragraaf 3) (2 x 1) (2)

2.4 Bestudeer Bron 2B en 2C. Verduidelik waarom hierdie twee bronne verskillende standpunte ten opsigte van Kuba se betrokkenheid in Angola aanbied. Gebruik bewyse uit albei bronne om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Watter boodskappe dra die foto met betrekking tot die verhouding tussen Kuba en Angola oor? Ondersteun jou antwoord met verwysing na die visuele leidrade in die bron. (2 x 2) (4)

2.5.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die betrokkenheid van Kuba in die Angolese Burgeroorlog ondersoek. (2 x 2) (4)

2.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes vir Kuba se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog verduidelik. (8)

**[50]**

Kopiereg voorgehou 

**VRAAG 3: WAT WAS DIE REDES VIR DIE STIGTING VAN DIE SWARTMAG-BEWEGING IN DIE VSA IN DIE 1960s?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Verskaf VIER woorde uit die bron wat daarop dui dat die polisie in Kalifornië swart mense sleg behandel het. (Paragraaf 1) (4 x 1) (4)

3.1.2 Noem enige TWEE redes waarom die Black Panther Party gevoel het dat die Amerikaanse regering rassisties teenoor mense van kleur was. (Paragraaf 2) (2 x 1) (2)

3.1.3 Verduidelik waarom jy dink die Black Panther Party korrek was om ŉ beleid van selfverdediging teen wit oppergesag te bepleit. (Paragraaf 3) (2 x 2) (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op die stelling dat: 'Die swart gemeenskappe van Amerika moet opstaan soos een man om die progressie van ŉ tendens te stop wat onvermydelik tot hul totale vernietiging sal lei.' (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Waarom het die polisie, volgens die bron, die lede van die Swartmagbeweging dopgehou? (Paragraaf 1) (1 x 1) (1)

3.2.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die Swartmagbeweging groot ondersteuning van die Swart gemeenskap ontvang het? (Paragraaf 1) (2 x 1) (2)

3.2.3 Wat dink jy het Malcolm X bedoel toe hy gesê het: 'Ons het gewerk vir mag vir alle mense; nie net swart mag nie'? (1 x 2) (2)

3.2.4 Dink jy dat die Swartmagbeweging slegs vir selfverdediging gestig was? Ondersteun jou antwoord met TWEE omvattende punte uit paragraaf 3. (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 1C.

3.3.1 Wat, volgens Malcolm X, was die basis vir die sukses van beide die Amerikaanse en Franse Rewolusies? (Paragraaf 1) (1 x 1) (1)

3.3.2 Vind ŉ historiese konsep wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas:

(a) ŉ Gewelddadige omverwerping van die regering (Paragraaf 1) (1 x 2) (2)

(b) Die beëindiging van die rasse-skeiding (Paragraaf 4) (1 x 2) (2)

3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om Malcolm X se standpunt ten opsigte van geweld te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.4 Vergelyk Bron 3A met Bron 3C. Hoe ondersteun die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3C met betrekking tot die Swartmagbeweging se redes vir selfverdediging? (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Wat kan jy leer oor die verhouding tussen Fidel Castro en Malcolm X? (2 x 2) (4)

3.5.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir historici wat die redes vir die Amerikaanse afkeer van die Swartmagbeweging bestudeer. (2 x 2) (4)

3.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes vir die stigting van die Swartmagbeweging in die VSA in die 1960's verduidelik. (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorgehou 

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Mao Zedong se beleide van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie was 'n poging om kommunisme te versterk en China in 'n kommunistiese supermoondheid te omskep.

Verduidelik tot watter mate Mao suksesvol was om hierdie doelwit te bereik tussen 1958 en 1976. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKHEID IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's – KONGO EN TANZANIË

Met verwysing na die sosiale, ekonomiese en politieke beleide wat Julius Nyerere en Mobuto Sese Seko na onafhanklikheid geïmplementeer het; assesseer krities of hulle suksesvol was in hul doelwitte van ekonomiese onafhanklikheid en selfstandigheid. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE BURGERREGTEBEWEGING

'Die protesaksies van die Burgerregtebeweging het gelei tot die beëindiging van die mees openlike vorme van rassediskriminasie in die VSA in die 1960's.'

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorgehou